



## UIT DIE PEN VAN DIE CEO (48/15)

Justin Chadwick 24 Desember 2015

### N GEDAGTE VIR KERSFEES

**Jy sal onthou word vir wat jy gesê en gedoen het; nie vir wat jy gesê het jy gaan doen nie.** So dink mooi voor jy enigiets sê. **Sê dinge** wat die dag van diegene wat depressief is sal ophelder; sê dinge wat duidelik is en nie verwarrend is nie; sê dinge wat mense sal opbou en hul nie verneder nie; sê dinge wat sal inspireer; sê dinge waarin jy werklik glo. As jy kwaad is, bly liewers stil; as die woede bedaar het sal dit meer duidelik wees wat om te sê. Sê dinge waaroor jy nie later sal spyt wees nie – anders as die druk van die “delete” knoppie na ‘n vinnige tweet, Facebook inskrywing of e-pos, as jy iets gesê het kan jy dit nie weer ongedaan maak nie. Luister meer as wat jy praat – stap weg en weet meer van die persoon as voorheen; luister om te verstaan eerder as om te reageer. Wees gaaf.

En onthou dat om **dinge** in e-posse, twitter of Facebook **te skryf** is dieselfde as om dit te sê. Wanneer jy “send” druk het jy geen idee waar dit wat jy nou geskryf het kan opeindig nie! ‘n Onsmaaklike opmerking oor iemand kan net sowel op daardie persoon se slimfoon of rekenaar opeinding. So dink mooi voor jy iets skryf – ten minste het jy die geleentheid om dit ‘n paar maal deur te lees en te verander of te verwyder alvorens dit te laat is. En as jy iets skryf, terwyl jy kwaad is; “save it to drafts” en lees dit weer as jy afgekoel het. **Doen dinge** wat ‘n verskil sal maak. Doen dinge waarop jy trots kan wees. Doen dinge waaroor mense oor die regte redes sal praat. Doen dinge vir die armes. Doen dinge vir die ongelukkiges. Doen dinge wat inspireer. Doen dinge wat hoop bring vir die sonder hoop. Doen dinge wat tot selfvervulling sal lei. Doen dinge vir diere. Doen dinge vir kinders. Bou ‘n standbeeld vir jouself deur middel van die dinge wat jy doen.



**Growers'  
Association**  
OF SOUTHERN AFRICA

**Wishing** you and  
your family a

*Merry  
Christmas*